Groot guns vir kerkeenheid

Coenie Burger

Reggie Nel en Howard du Toit het ons 'n groot guns gedoen met die publikasie van hulle boek *Ons pelgrimstog na eenheid* oor die herenigingsproses in die familie van NG Kerke.

Nadat die herenigingsproses om verskeie redes die afgelope dekade nie juis gevorder het nie, is daar sedert Junie 2006 weer nuwe energie. 'n Hele paar gesprekke het plaasgevind, en by die laaste gesamentlike gesprek by Achterberg is 'n voorlopige stuk opgestel wat lidmate inlig oor die stand van die gesprek.



Hoewel ons vorder is, daar nog heelwat kwessies wat uitgeklaar en baie werk wat gedoen sal moet word. Dit is op hierdie vlak dat die publikasie ons baie kan help. Die boek bevat 'n veertiental goeie, relevante artikels oor die eenwordingsproses.

Die artikels is verdeel in vyf groter afdelings.

❍ In die eerste deel wat handel oor 'n Bybelse en teologiese motivering, skryf Piet Naudé dat die belangrike Bybels-teologiese motief vir die eenheid van die kerk lê in die feit dat daar net een God is.

❍ Die tweede deel handel oor die geskiedenis. Dit bespreek die huidige standpunte en posisies van die vier kerke in verband met die eenwordingsproses. Hoffie Hofmeyr en Hugo van der Linde (NGK), Johan Botha (VGK), Victor Pillay (RCA) en Dawid Keta en andere (NGKA) het dit geskryf.

❍ Die derde deel gee aandag aan sleutelkwessies wat in die proses bespreek en onderhandel sal moet word. Die situasie rondom die Belharbelydenis (Jaap Durand en Piet Meiring) kry aandag. So ook die werklikheid van kultuurverskille en diversiteit (Attie van Niekerk), en 'n interessante boek van die teoloog Miroslav Volf wat ons dalk kan help (Annalet van Schalkwyk). Daar is ook artikels waarin Piet Strauss en Thias Kgatla hulle sienings oor verskillende sake rakende die proses gee.

❍ In die vierde deel word gekyk na verhale van eenheid wat reeds aan die gebeur is. Erik Basson vertel die mooi storie van Wesland Verenigde Ring. Zerilda Nel en Nicodemus Setshedi vertel die verhaal van Hoëveld en Suid-Transvaal se proses. Daar is ook 'n interessante artikel van Frederick Marais en Andrew Esterhuizen waarin hulle skryf oor die fasilitering van eenwordingsprosesse.

Klippies Kritzinger skryf in die laaste hoofstuk van dié afdeling oor hoe 'n dieper verstaan van die doop en 'n sinvolle herdenking en viering daarvan ons in die proses kan help.

❍ In die laaste afdeling word 'n klompie besprekingsvrae vir eenheidsgesprekke en -prosesse gegee.

Ek kan die boek met groot vrymoedigheid aanbeveel. Dit gaan ons help om ons gedagtes oor die proses aan die gang te kry. Daar is ook heelwat helder perspektiewe wat ons op die pelgrimspad kan help.

● *Ons pelgrimstog na eenheid* van Reggie Nel en Howard du Toit (redakteurs) is te kry by bestel@bmedia, www.bybelmedia.co.za of 0860 26 33 42 teen slegs R59.95 (BTW en posgeld ingesluit).

* ***Coenie Burger*** *is 'n vorige moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk en Hoof van die Buro vir Voortgesette Teologiese Onderwys (Buvton) op Stellenbosch.*

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Deeloproepe: **0860 231 231**
0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA
E-aankope: **www.bybelmedia.co.za**
BM BYBEL-MEDIA
Vennoot in geloof en bediening